**13 Januarie** **Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14**
**Fokusgedeelte: Lukas 18:11-13**
**HK, Vraag 13**

**Dertien is toe jou gelukkige getal**

Sou ons bygelowig wees, sou die getal dertien vir ons ongeluk beteken, maar waarop Vraag en Antwoord 13 konsentreer, is die onafwendbare ongeluk van ons sonde.

Mense het al so baie keer probeer om vir hulle sondeskuld by die Here te vergoed. Koning Saul het gedink dat hy sy skuld by die Here kon regmaak deur die mooiste kleinvee en grootvee aan die Here te offer (1 Sam. 15). Die profeet Miga vra of hy jaaroud kalwers of selfs sy eersgeborene moet offer vir sy sondeskuld (Miga 6). In die gelykenis wat Jesus vertel, wys Hy die benadering van die Fariseërs uit. Hulle gee meer as die voorgeskrewe tiende en vas meer as wat die wet beveel. Op die wyse sou jy jou skuld self verminder en meer aanvaarbaar by God wees.

Die heidene het geglo dat hulle ook self vir hulle skuld boetedoening kon doen. In die tyd van Elia het die Baälprofete gedink dat hulle deur hulle stukkend te sny, hulle god se houding teenoor hulle kon verander (1 Kon 18).

Jesus, ons enigste Troos in lewe en in sterwe, dui die waarheid aan. Hy laat die tollenaar aan die woord kom: “O God, wees my, sondaar, genadig.” ’n Kort sinnetjie met drie beklemtoonde begrippe: *God*, *ek* en *versoen*. Maar die *ek* word uitgelig as sondaar. Ons kan nie betaal nie, want die sondaar sê sonde sit in sy bloed. Hoe meer ek dus probeer betaal, hoe groter word my skuld.

Gelukkig word *sondaar* deur *God* en *versoening* voorafgegaan juis hier in Lukas 18:13 (in die grondteks)!

*Sing: Psalm 13:3, 5 (1936-beryming)* *Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*